# Lesing 19.01.2019 - Lesing 1 - Die Slang se kop word vermorsel!

### "This is a watchman sounding the alarm"

"*On 30, 31 Jan and 1 Feb 2019 Cyril Ramaphosa will be having a 160 person conference in Hartbeespoort at the Cableway. We are asking for intercession prayer in advance to set up an **altar of worship and Light** and Kingdom Order in order for their plans of **blood sacrifice to not succeed**! Hartbeespoort is known to be a hotspot for sangomas to gain power from water spirits as they believe the crocodile spirit from the crocodile river and sheva the mother of the water lives there. The cableway is also a high place as the Magalies Mountain is the highest point in Hartbeespoort, where the Tswana warrior impi's used to kill people by letting them fall to death from the cliffs next to the modern day cableway. Thus the blood is calling out from the earth*!"(Watchman Revival - Cape Town)

### Kommunikasie tussen Dirk en Christine 15.1.2019

"Ek het ń ontsaglike diep ding met JAHSHUA beleef waar HY my vorm verander het en ek **ń lens geword het...**ń groot lens wat tussen Hemel en aarde sit en waar iemand deur kan kyk vanuit die Hemele na die aarde...asof ek ń tussenganger-lens is. Ek kan nie mooi verduidelik nie. Baie baie ontsaglik groot lens..ek is nog besig om dit beter te verstaan."

(***my woorde; 'n lens vanuit die geestelike na die natuurlike, vanaf die 5de na die 4de dimensie)***

"Ek het by ons KONING LEEU gaan huil oor ons volk...ek was Ester by HOM. HY het my getroos en SY LIEFDE is so groot. Ek het **verlossing** gekry in my hart. Ek WEET HY HELP ONS ALREEDS. **HY het vooruit gegaan**. Ons Verlossing is alreeds besig om te gebeur.

Ek het ook ervaar ek is ń pragtige veelkleurige **Hemelse klippie** wat in die reus se kop ingaan en hom die **doodslag** toedien!!!

Ek het ook ervaar hoe die groot lens ń **brandpunt maak op die berg** en ek weet dat iets slegs met daai klomp sal gebeur as hulle die berg wil besoedel met hulle slegte dade.

**Die LIG sal hulle BRAND!!!!!!**

Ek het JAHSHUA daar op daai berg ervaar met daai lens. Dit was en is ń grootse ervaring. Dis nog besig om te gebeur hier in my siel."

### Uittreksels uit Openbaring op 17/01/19 aan Daniel Grobbelaar

"MY kneg, MY lieflingskind! Hier IS EK, in MY Woord by jou en in jou. EK laat jou nou skrywe die Woorde wat jy ontvang het gedurende die dag. Ja, dit was Sy wat jou aangeraak het, want **EK het Haar gestuur as Trooster** nou omdat **binne 'n baie kort tyd**, baie trane gestort sal word in MY land, Suid-Afrika. Trane van barmhartigheid, trane van siekte en leed, trane van dood en moord, trane van gebede… trane van spyte. Maar EK het julle baie gewaarsku en hoeveel kere vermaan om julle weë van ongeregtigheid op stop te sit, maar julle wou en wil nie luister nie. **Die duister laat uur van die middernag breek nou aan** en **MY Sweepslag** sal toegedien word om MY land te suiwer net **soos EK die tempel in Jerusalem gesuiwer** het! EK sal al die verkopers van bedrog en leuens verslaan en tugtig, want dit is hulle wat MY kudde mislei het. Dit is hulle wat die **vals boodskappers en profete is** – profete van MY teenpool, wat nie vanuit MY is nie!

Die wêreld en haar magte versamel teen julle MY Boerevolk om hulle mag te bewys en om julle te verower, tesame met julle siele vir MY teenpool, want hy is agter die besoedelde duistere sameswering teen MY en julle.

Vanaf MY eerste oproep na **MY GILGAL-KLIPWIEL** het EK besluit EK sal **'n laaste kort Barmhartigheids-tydperk** oor julle bring om hulle wat nog te redde is te red!

EK het vir julle al baie lank terug gesê dat EK julle harte van klip sal uithaal en vir julle **harte van vlees** sal gee. Maar EK kan julle nie dwing nie, omdat dit teen MY eie Wil en Orde gaan. Daarom het EK aangehou om julle te waarsku op verskillende maniere en wyses. Daarom gebied EK die elemente en **natuurwette** in natuur **katastrofes** en gebeure om julle tot nadenke te bring. Daarom gebruik EK **ander nasies en magte** om julle te tugtig en te leer sodat julle kan begin dink!

**Die GILGAL-KLIPWIEL het EK as Anker opgerig as MY LAASTE Teken van Barmhartigheid en Verlossing vir MY Boerevolk aan die Suidpunt van Afrika: LIEFDE BO ALLE LIEFDE! (*My woorde; DIE LENS!!!)***

**MY Dogter van Sion**, in hierdie laaste Barmhartigheidstydperk is hierdie die volgende Opdrag aan julle: **Vir Sewe Dae lank moet julle Sewe kere per dag op julle Ramshorings blaas om MY Boere-Gilgalwiel met die asem van julle LIEFDE tot MY en MY Volk**! **Na elke blaas moet julle MY Seën uitspreek vir MY Boerevolk, MY Geloftevolk - met jul hande opgehef na bo tot MY en die Krag van MY Seën sal vanuit julle dapper hande voortvloei na julle, MY hele Volk: JISRAEL JAKOB!**

Vir julle wat nie Ramshorings het nie, blaas op die Ramshorings van julle harte in julle harte. KYK OP NA MY! KYK OP NA MY en spreek die Seën uit met hande opgehef na bo in alle Windrigtings. Moenie vrees nie! Vrees voed die vyand wat vergader teen julle. Vrees net MY en kyk op na MY; bly binne MY LIEFDESLAER.

**Wees geseënd in die Aarde deur MY Bloed gekoop**! Onthou hierdie Woorde van MY, want julle sal sien WIE IS die EIENAAR en MEESTER en MAJESTEIT wat Getrou SY Beloftes nakom en aan WIE ALLE EER VERSKULDIG IS!"

### Prosedure

Die vyand se aanval begin op **30.01.2019**, daarom sal die volk **7 dae** daarvoor op Donderdag 24.01.2019 vroegoggend om 7h00 hul ramshorings 7 maal per dag begin blaas vir 7 dae sodat die finale sewende sarsie hulle tref presies vroegoggend van die dag wat hulle gaan begin met hulle vervloekinge deur hul voorvadergeeste op te roep en te probeer gebied oor ons Boerevolk! **Prys JaHshua**!

# Lesing 21.01.2019 - Lesing 2 - Die Slang se kop word vermorsel!

*Uit die Boek van Herinnering*

**Die innerlike profetiese van die verhaal van Bileam, die swart toordokter (Numeri 22-24)**

**Num 22:5** Daarop het hy (Balak/**Rhamaposa**) boodskappers gestuur na **Bíleam** (**die toordokters**), die seun van Beor, in Petor wat by die Eufraat is in die Aarde van die kinders van sy volk, om hom te roep en te sê: Kyk, daar het 'n **volk uit Egipte getrek**; kyk, hulle het die oppervlakte van die Aarde oordek en staan gelaer teenoor my.

22:6 Kom dan tog nou, **vervloek hierdie volk vir my**, want hulle is magtiger as ek. Miskien sal ek onder hulle 'n slag kan slaan en **hulle uit die Aarde verdrywe**. **Want ek weet, die een wat jy seën, is geseënd; en die een wat jy vervloek, is vervloek**.

22:12 Toe sê Elohim vir Bíleam: Jy mag nie saam met hulle trek nie, **jy mag die volk nie vloek nie, want hulle is geseënd.** 21 Toe maak Bíleam die môre klaar en **saal sy eselin** op, en hy het weggetrek **saam met die vorste van Moab.** 22 Maar die **Woede van Elohim het ontvlam**, omdat hy weggetrek het; en die **Boodskapper van JaHWeH** het gaan staan in die pad as sy **teëparty**, terwyl hy op sy esel ry en sy twee dienaars by hom was.

22:23 En die **esel het die Boodskapper van JaHWeH** in die pad sien staan, met **Sy ontblote swaard in Sy Hand**; daarom het die **esel uit die pad uitgedraai** en die veld ingeloop. Maar **Bíleam het die esel geslaan** om haar na die pad te stuur. 24 Daarop gaan die **Boodskapper van JaHWeH** in 'n nou pad tussen die wingerde staan - 'n muur duskant en 'n muur anderkant. 25 En toe die **esel die Boodskapper van JaHWeH sien, druk sy haarself teen die muur** en druk ook Bíleam se voet teen die muur; daarom het hy haar weer geslaan.

22:26 En die Boodskapper van JaHWeH het weer verder gegaan en bly staan op 'n **nou plek** waar geen pad was om regs of links uit te draai nie.

22:27 Toe die **esel die Boodskapper van JaHWeH** sien, **gaan sy onder Bíleam lê**. Daarop het Bíleam baie kwaad geword en die **esel met 'n stok geslaan**.

22:28 Maar JaHWeH het die **bek van die esel geopen,** en sy sê vir Bíleam: **Wat het ek jou gedoen**, dat jy my nou al drie maal geslaan het?

22:29 Daarop antwoord Bíleam die esel: Omdat jy die spot met my drywe. Was daar net 'n swaard in my hand - dan het ek jou sekerlik doodgeslaan.

22:30 En die **esel** sê vir Bíleam: **Is ek nie jou esel waar jy jou lewe lank op gery het tot vandag toe nie? Was dit ooit my gewoonte om so met jou te doen?** En hy antwoord: Nee.

22:31 Toe open JaHWeH **die oë van Bíleam**, sodat hy die Boodskapper van JaHWeH in die pad sien staan met Sy ontblote swaard in Sy Hand, en **hy het gebuig en op sy aangesig neergeval.**

22:32 En die Boodskapper van JaHWeH vra hom: Waarom het jy jou esel nou al drie maal geslaan? Kyk, **Ek self het uitgegaan as jou teëstander**, want [jou] weg is onbesonne in My Oog!

22:33 Maar die esel het My gesien en nou al **drie maal voor My uitgedraai**. As sy nie voor My Aangesig uitgedraai het nie - **dan het Ek jou alte seker gedood en haar laat lewe.**

22:34 Toe antwoord Bíleam die Boodskapper van JaHWeH: **Ek het oortree**, want ek het nie geweet dat U teenoor my in die pad gestaan het nie. Maar nou, as dit verkeerd is in U Oë, sal ek teruggaan.

22:35 En die Boodskapper van JaHWeH sê vir Bíleam: **Gaan saam met die manne, maar net die woord wat Ek jou sê, dit moet jy spreek**. So het Bíleam dan met die vorste van Balak saamgegaan.

22:38 En Bíleam het Balak geantwoord: Hier het ek na jou gekom. Is ek nou wel in staat om iets te spreek? **Die woord wat Elohim in my mond lê, dit sal ek spreek.**

22:41 En in die môre het Balak Bíleam geneem en hom op die **hoogtes van Bamot** laat opklim vanwaar hy die **kant van die volk** kon sien.

23:1 TOE sê Bíleam vir Balak: Bou vir my hier sewe altare en berei vir my hier sewe **bulle** en sewe **ramme**.

23:8 Hoe sal ek **vloek wie El nie vloek nie**? En hoe sal ek **verwens vir wie JaHWeH nie verwens nie**?

23:9 Want van die top van die rotse af sien ek hom, en van die heuwels af aanskou ek hom. **Kyk, 'n volk wat afgesonderd woon en hom nie tot die nasies reken nie.** 20 Kyk, **ek het ontvang om te seën**; en het Hy geseën, dan kan ek dit nie keer nie.

23:21 Hy aanskou **geen ongeregtigheid in Jakob** en sien geen bekommernis in JisraEl nie. **JaHWeH sy Elohey is met hom, en die gejubel tot eer van die Koning (JaHshua!!) is by hom.**

23:24 Kyk, 'n volk wat opstaan soos 'n **leeuin**, en soos 'n **leeu** verhef hy hom. Hy gaan nie lê voordat hy roof eet en die bloed van die wat verslaan is, drink nie.

24:9 Hy buig hom, hy gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeuin: wie sal hom opjaag? **Geseënd is hulle wat jou seën, en vervloek is hulle wat jou vervloek**!

24:14 En nou, kyk, ek gaan na my volk toe. Kom, ek sal jou inligting gee, **wat hierdie volk jou volk sal aandoen aan die einde van die dae**.

24:15 Toe het hy sy spreuk aangehef en gesê: Bíleam, die seun van Beor, spreek, en **die sterk man met geopende oog** spreek. 17 Ek sien hom, **maar nie nou nie**, ek aanskou hom, maar **nie naby nie**: 'n Ster kom te voorskyn uit Jakob, en 'n Septer kom uit JisraEl op, (**JaHshua en Sy Bruid**) en Hy verbrysel die slape van die hoof van Moab en **werp al die oorlogsugtiges omvêr**. 19 En laat daar **Een uit Jakob (JaHshua)** heers en die oorblywendes uit die stede van Ar vernietig.

# Lesing 22.01.2019 - Lesing 3 - Die Slang se kop word vermorsel!

### 1Ki 18 EliJaHûW en die Baalpriesters

17 En net toe Agab EliJaHûW sien, vra Agab vir hom: Is dit jy, jou **beroerder van JisraEl**?

18 Toe sê hy: Ek het JisraEl nie in beroering gebring nie, maar u en u familie, deurdat u die **Gebooie van JaHWeH verlaat het** en agter die **Here (Baäl)** aan geloop het.

21 En EliJaHûW het nader gekom na die hele volk en gesê: Hoe lank **hink julle op twee gedagtes**? Indien **JaHWeH** die Elohim is, volg Hom na; en indien die **Here (Baäl)** hy is, volg hom na! Maar die volk het hom niks geantwoord nie.

24 Roep julle dan die naam van julle gode aan, en ék sal die Naam van JaHWeH aanroep; en die elohim wat met vuur antwoord, Hy sal die Elohim wees. En die hele volk het geantwoord en gesê: Die woord is goed.

30 Toe sê EliJaHûW vir die hele volk: Kom nader na my. En die hele volk het nader gekom na hom; en hy het die **altaar van JaHWeH herstel wat afgebreek was**.

31 Daarop neem EliJaHûW **twaalf klippe volgens die getal van die stamme van Jakob se kinders** - tot wie die Woord van JaHWeH gekom het om te sê: **JisraEl sal jou naam wees** -

32 **en hy bou met die klippe 'n altaar in die Naam van JaHWeH**. Daarna het hy 'n sloot gemaak rondom die altaar, 'n ruimte vir omtrent twee mate saad,

38 Daarop het die **vuur van JaHWeH neergeval** en die brandoffer en die hout en die klippe en die stof verteer, ja, die water wat in die sloot was, opgelek.

### Openbaring op 21/01/19 aan Daniel Grobbelaar

"Daar kom 'n **nuwe Tyd in MY**. EK sal julle uitred en beskerm, dit sê EK, EK IS WAT EK IS! Hoor die Stem van jul VADER EK IS: EK sal julle uitred! Wees dapper, wees bereid, wees LIEFDE! **EK is besig om julle te leer wat naasteliefde is,** want julle het vêr daarvandaan afgewyk deur die gejaag na wêreldse liefde en rykdom. Julle het MY vergeet, maar julle het MY weer onthou! En dit het MY VADERHART aangeraak en EK vergeef! Julle is **MY Oogappel, MY Gilgal-Boerevolk!** EK IS HIER en EK staan binne die **Gilgal-Laer** van MY. EK staan gereed om julle **te lei en te versterk** in hierdie Tyd van Duisternis. Maar in die **Vuurkolom** sal EK julle lei en rig na die Beloofde Land!

Jerigo o Jerigo! **Jou mure** sal verkrummel voor MY Aangesig! MY NAAM sal verheerlik word en EK sal geloof en geprys word! **EK het klaar MY Nuwe Jerusalem binnegekom – EK IS HIER**! En vir julle wat dit nie wil hoor of glo nie: Gaan binne-in julle harte en hoor MY en wees oortuig van MY Betroubaarheid! Net soos hierdie kneg vir MY vanoggend gevra het in sy smekinge en smagtinge na MY, 'Waar is U!?' Toe sê EK vir hom: 'EK IS HIER!' HOOR MY en SIEN MY! **EK staan by GILGAL! EK STAAN BY die SENTERPUNT:** LIEFDE BO ALLE LIEFDE – EK SIEN ALLES en MY AANGESIG IS 'N **VURIGE LIG wat MY teenstanders sal verdelg,** maar vir julle wat MY liefhet sal MY Aangesig julle VERLOSSING beteken: **LIEFDE BO ALLE LIEFDE**!

**Die laaste land het gesterf en geval** in hierdie Tyd van MY Voorbereiding en Tugtiging. **Maar MY Land, Suid-Afrika is afgeseël binne MY VOLMAAKTE WIL en RAADSPLAN van VERLOSSING en VERHEERLIKING van MY NAAM!** Jerigo se mure sal val! EK IS GEREED! Is julle? Is julle gereed om MY te volg **maak nie saak wat**? Is julle gereed om op te kyk na MY **gee nie om wat?** Is julle dapper om sy aan sy te staan **in MY LIEFDESLAER en MY te loof en te prys**!? Is julle gereed om te sien wat die ALMAGTIGE van JISRAEL in staat is om te doen!? GLO DIT en EK wys julle, maar glo MY in **oorgawe en gehoorsaamheid** aan MY Opper bevele! Dit is LIEFDE BO ALLE LIEFDE wat MY Noag en 'n klein oorblyfsel gered het; sal julle dieselfde doen? MY Knegte, **gaan en verkondig die TYD VAN MY VERLOSSING** en gaan waarsku MY skape wat nog vasgevang is! Gaan waarsku hulle nou met Erns! Want EK IS gereed! Julle moet MY gehoorsaam, want dit is MY VOORWAARDE vir julle verlossing en oprigting! Julle moet MY gehoorsaam en getrou aan MY bly in LIEFDE BO ALLE LIEFDE! Wees vrolik! Wees Vreugdevol, want die mure van Jerigo sal val!

Berei voor **geestelik en sielkundig** MY kinders! Berei voor en los dadelik die verganklike en aardse dinge wat nie enige iets beteken vir die verlossing nie! **Eet MY Brood** om julle siele te versterk! **Drink MY Wyn** om julle harte te omvorm tot LIEFDE! **Drink MY Melk** vir Wysheid! Bid tot MY, begeer MY bo ALLES!

LIEFDE IS MY BANIER!

EENDRAG IN MY LIG MAAK MAG!

EENDRAG IN LIEFDE MAAK MAG!

EENDRAG IN WAARHEID MAAK MAG!

EENDRAG IN MY, IS MAG!

Gehoorsaam MY en werk hard aan julle siele en begeer om nie meer te oortree nie. As julle foute begaan uit onkunde en dwaasheid, sal EK julle altyd help en waarsku. Luister dan na MY Hulp en pas dit toe! Wees geseënd in MY LIG! Wees geseënd in MY LIEFDE! Wees geseënd in die **komende Tweede Bloedrivier: MY GILGAL-VESTING van LIEFDE, KRAG, WAARHEID en WYSHEID!**

Vergewe mekaar nou! Genees die wonde! Staak die ongeregtigheid en gestry! Sterwe af die eieliefde en eersug! BEGIN TE LUISTER NA MY! VOLG NET MY! **Los alles en VOLG MY!"**

# Lesing 23.01.2019 - Lesing 4 - Die Slang se kop word vermorsel!

**Die Nuwe Gelofte by Migdol gegee op 28 Oktober 2008 en wat ook op 15 Julie 2017 vrywillig vir 7 dae afgelê was by die Dogter van Sion gemeente te Kameeldrif 225, Pretoria**

**INLEIDING**

My lieflingskinders, hoor die stem van jul Vader. Ek, die Heilige, die Ewige, spreek; julle gelofte sal julle doen ter bevryding van julle volk, omdat Ek julle gekies het as tussenpersone, as middelaars en verteenwoordigers van My volk. Ek wil julle gebruik ter verlossing van die reine en onreine wat nog te red is in My mense. Ek is Sion se Man. Sion is My Bruid en Ek sal Myself bekend maak in haar. Julle gelofte en klipstapel sal die simboliek wees vir die oprigting van die pilaar in My volk ter bevryding van haar. Ek sê: Wees geseënd in My aarde, want Ek het julle vrygekoop en daarom woon julle in haar. Wees geseënd terwyl Ek, die Leeu van Judah langs julle loop en julle dade betrag. Wees geseënd met My Krag en outoriteit om die bose te kan bind om My volk te kan red. Ek sal My gelofte met julle sluit ter wille van julle volk, want omdat opregtes in My volk is, daarom sal Ek hulle spaar, maar reinig. Ek sal reiniging bring vir die wat nog skoon kan kom.

**DIE VERBOND**

My verbond met julle is die volgende:

Ek, as Vader van alles, rig My verbond op met die geseëndes in Liefdeskrag, My reine blom, wat haar knie nie voor Baäl gebuig het nie. Julle is My pilaar, My vesting vir My volk. Julle sal julle lewens aflê vir hulle wie My moet dien in die woestyn. Julle sal hulle uitlei en bring in die land Kanaän as julle My take noukeurig sal opvolg. Ek wil hê dat julle monument vir ewig sal staan en so is My ewige verbond met julle gesluit om vir julle ‘n Man te wees en julle, saam met julle susters, Judah en IsraEl, My ewige bruid wie Ek sal verlos in die nag wat kom en wat alreeds saamgepak het oor julle, My Lig op aarde. Dit is My verbond: Verlossing.

**DIE GELOFTE**

Julle gelofte is as volg:

Onse El, ons Vader, ons ewige Man, vir U ons Meester en vir ons volk. Voor U en U skare van engele in hemel en op aarde, maak ons dié gelofte, dat ons U Huis sal bou, die Vesting vir die Dogter van Sion. Ons en ons vaders, die vaders van hemel en aarde staan as een, met een hart, deur U verenig om U Liefde en U Barmhartigheid te bring tot diegene wat suiwer van hart en wese voor U mag staan. Ons bring ons lewens as eersgeborenes uit U Lewe en offer dit aan U, ons Maker en ons Man, sodat U kinders en naamgenote hulle skuiling en ewige verweer sal vind in die Huis deur U gestig. Neem ons lewens as offer, sodat ons mag terugkeer na ons Bron, sodat U Naam geheilig mag word en U ewige Apartheid mag heers in ons in die ewigheid. U Naam ter ere, Amein.

**DIE SEËN DEUR JAHSHUA GEGEE AAN DIE BOEREVOLK**

Wees geseënd in die aarde deur My bloed gekoop.
Wees geseënd terwyl die Leeu aan julle sy loop.
Wees geseënd as in ootmoed die wiel draai
En die arend se gesang uitrys bo die kraai.
Edel is die volk, deur My Hand uitverkies,
Edel is die hart wat Liefde verkies.
Edel is die Man wat hart aan hande bind
En die kind wat opgroei, net deur My Bloed verbind.
Ek, die Begin en Einde hiervan spreek: Geseënd is die siel
waarin My Brood nou breek.
Amein.